THE UNION OF SOUTH AFRICA

Government Gazette

Staatskoerant

VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA

VOL. XCVIII.] PRICE 6d. PRETORIA, 12TH OCTOBER, 12 OKTOBER 1934. PRYS 6d. [No 2227.

Union Gazette Extraordinary No. 2225, erroneously dated 4th October, 1933, on front page, should read 4th October, 1934.

All Proclamations, Government and General Notices, published for the first time, are indicated by a ✱ in the left-hand upper corner.

PROCLAMATIONS

BY LIEUTENANT-COLONEL HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE THE EARL OF CLARENDON, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, GOVERNOR-GENERAL AND COMMANDER-IN-CHIEF IN AND OVER THE UNION OF SOUTH AFRICA.

✱ No. 196, 1934.]

REBATE OF CUSTOMS DUTY ON MALTED BARLEY.

Whereas by section *twelve* (*k*) of the Customs and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, the Governor-General may, by proclamation in the *Gazette*, declare that subject to regulations set out in such proclamation, there shall be allowed a rebate of the whole or any part of the duty otherwise payable under the aforesaid Act, as amended, on any article which is a raw material or essential requisite of any industry in respect of which the Board of Trade and Industries recommends such a rebate;

And whereas the Board of Trade and Industries has recommended that the customs duty on the undermentioned article imported into the Union for use in the industry specified, be rebated to the extent of the full ordinary duty thereon;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare, proclaim and make known that on and after the date of the first publication of this my proclamation in the *Gazette* a rebate of the whole ordinary duty otherwise payable shall, subject to the subjoined regulations, be allowed on malted barley when imported or taken out of bond by a manufacturer, in such quantities and at such time as may be permitted by the Minister of Finance, for use in the industry specified hereunder:—

Beer Brewing Industry:

Malted barley for the manufacture of beer.

REGULATIONS.

1. Every person desirous of importing malted barley under rebate of duty under this Proclamation shall first make application to the Commissioner of Customs to be registered as a manufacturer under rebate and in so doing shall state—

(*a*) the name under which he trades;
(*b*) the industry in which he is engaged, and if any other business is carried on in the same premises, the nature of such business;

Buitengewone Staatskoerant No. 2225, foutief gedateer 4 Oktober 1933, op eerste bladsy, moet lees 4 Oktober 1934.

Alle Proklamasies, Goewerments- en Algemene Kennisgewings, wat vir die eerste maal gepubliseer word, is in die linkerbohoek met 'n ✱ gemerk.

PROKLAMASIES

VAN LUITENANT-KOLONEL SY EKSELLENSIE DIE HOOGEDELAGBARE DIE GRAAF VAN CLARENDON, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SAINT MICHAEL EN SAINT GEORGE, GOEWERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

✱ No. 196, 1934.]

KORTING VAN DOEANEREG OP GEMOUTE GARS.

Nademaal by artikel *twaalf* (*k*) van die „ Doeanetarief en Aksijnsrechten Wijzigingswet ", 1925 (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, die Goewerneur-generaal by Proklamasie in die *Staatskoerant* kan verklaar dat, met inagneming van regulasies uiteengesit in sodanige Proklamasie, daar 'n korting van die hele of enige deel van die regte anders betaalbaar ingevolge voornoemde Wet, soos gewysig, sal toegestaan word, op enige artikel wat 'n nuwe materiaal of noodsaaklike vereistes is van enige nywerheid ten opsigte waarvan die Raad van Handel en Nywerheid sodanige korting aanbeveel;

En nademaal die Raad van Handel en Nywerheid aanbeveel het dat 'n korting van die doeanereg op die ondergenoemde artikel in die Unie ingevoer vir gebruik in genoemde nywerheid tot die volle bedrag van die gewone doeanereg sal toegestaan word;

So is dit dat ek volgens en kragtens die bevoegdheid my verleen soos vermeld, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat, vanaf en na die datum van die eerste publikasie van hierdie Proklamasie in die *Staatskoerant*, 'n korting van die hele gewone reg anders betaalbaar, met inagneming van die bygevoegde regulasies, toegestaan word op gemoute gars ingevoer of gelos uit entrepôt deur 'n fabrikant, in sulke hoeveelhede en op sodanige tyd as wat deur die Minister van Finansies toegestaan mag word, vir gebruik in die nywerheid hieronder genoem:—

Bierbrou-nywerheid:

Gemoute gars vir die vervaardiging van bier.

REGULASIES.

1. Elkeen wat voornemens is om gemoute gars onder korting onder hierdie Proklamasie, vry van gewone doeanereg in te voer, moet eers by die Kommissaris van Doeane en Aksyns aansoek doen om hom te laat registreer as 'n vervaardiger onder korting, en moet dan meld—

(*a*) die naam waaronder hy handeldryf;
(*b*) die bedryf wat hy uitoefen en as daar enige ander besigheid op dieselfde perseel gedryf word, die aard van sodanige besigheid;

(*c*) the locality of his factory or works, and the number of operatives employed;
(*d*) whether the premises are licensed under the Factories Act;
(*e*) the quantity he desires to import under rebate of the duty, and the estimated value of such importations.

NOTE.—In the case of persons or firms already registered as manufacturers under rebate it will suffice if applicant furnishes the Commissioner of Customs with particulars of the names under which he trades and the estimated value of the material he proposes to import under this Proclamation.

2. The applicant, if approved, shall enter into a bond with sufficient surety and to an amount not less than *one hundred pounds*, to be determined by the Commissioner of Customs, the conditions of the bond being that all malted barley imported by him, taken out of bonded warehouse or received from another manufacturer under rebate for use in the beer brewing industry will be used solely for the purpose specified, and if any portion of a consignment so imported or received be sold, used, removed from his factory or store, or disposed of for any other purpose, without the written consent of the proper officer of customs, duty at full rate otherwise leviable shall be paid on the whole consignment.

3. The applicant shall thereupon be registered as a manufacturer under rebate, and permitted to receive malted barley under these regulations and subject to withdrawal of the permission at any time by the Minister, and such malted barley shall be conveyed to and stored only in the premises referred to in regulation *one*, which shall also be registered.

4. The manufacturer, or his clearing agents specially authorized by power of attorney to act for him in that behalf, shall on first importation declare on the customs bill of entry that such malted barley is to be used solely for the purpose specified, and shall furnish the proper officer of customs at the port of entry with an additional copy of such bill of entry.

5. The malted barley in question may be cleared from a bonded warehouse free of ordinary duty for a registered manufacturer, provided that in addition to the customs bill of entry *ex* bond a declaration on transfer, in the form appended, be furnished in duplicate to the proper officer of customs. The bill of entry shall specify the name and address of the manufacturer and the industry for which the goods are intended.

6. A registered manufacturer may, subject to permission previously obtained from the proper officer of customs, transfer to another registered manufacturer malted barley imported under this Proclamation, provided a declaration on transfer in the form appended be furnished in duplicate to the aforesaid officer.

7. A declaration on transfer referred to in regulations *five* and *six* must be completed with a receipt from the manufacturer to whom the malted barley is transferred, and failing the return of such receipt to the proper officer of customs within fourteen days, the person transferring the malted barley shall remain liable for the duty otherwise leviable, and shall pay the same forthwith on demand.

8. The manufacturer shall keep a stock-book in the form approved by the Commissioner of Customs, showing full particulars of all receipts and disposals, and in such manner that the malted barley entered for industrial purposes can readily be accounted for to the satisfaction of the proper officer of customs.

9. The manufacturer shall, if required by the proper officer of customs, provide a properly secured store for such malted barley and shall provide at his own expense such necessary fastenings as will permit of the store being locked with a customs lock.

10. The books and premises of the manufacturer shall be open for inspection at any time during working hours by a duly authorized officer of customs, and should it be deemed necessary at any time to retain an officer on the premises for any period for supervision, the usual charge for special attendance of a customs officer shall be paid by the manufacturer.

Any person who fails to comply with the provisions of this Proclamation shall, in terms of section *one hundred and sixteen* of the Customs Management Act, 1913, be liable to a fine not exceeding *three hundred pounds* and forfeiture of the goods.

Customs.....

CUSTOMS—UNION OF SOUTH AFRICA.

DECLARATION ON TRANSFER OF REBATE/BOND STOCKS TO A MANUFACTURER UNDER REBATE.

To the Collector of Customs,

.....

I/We certify that the undermentioned goods entered per Bill of Entry No.....date..... under rebate/ex bond have been duly transferred to Messrs. .....

Address.....
Signature of importer.....
Date.....

(*c*) die plek van sy fabriek of werkplekke en die aantal persone in diens;
(*d*) of die perseel onder die Fabriekswet gelisensieer is;
(*e*) die hoeveelheid wat hy verlang om onder korting van doeanereg in te voer, en die geskatte waarde van sodanige invoer.

N.B.—In die geval van persone of firmas alreeds geregistreer as vervaardigers onder korting is dit voldoende indien die applikant die Kommissaris van Doeane voorsien van besonderhede van die naam waaronder hy handeldryf, en die beraamde waarde van die materiale wat hy kragtens hierdie Proklamasie wens in te voer.

2. Die aanvraer, indien goedgekeur, moet hom met voldoende borgstelling verbind vir 'n bedrag van minstens honderd pond, soos deur die Kommissaris van Doeane vasgestel moet word, en in die waarborgakte moet bepaal word dat alle gemoute gars deur hom ingevoer, uit die pakhuis geneem of van 'n ander fabrikant onder korting ontvang, vir gebruik in die bierbrou-nywerheid, uitsluitlik gebruik sal word vir genoemde doel, en indien enige gedeelte van 'n besending aldus ingevoer of ontvang sonder skriftelike toestemming van die bevoegde doeanebeampte, verkoop of vir enige ander doel gebruik of uit sy fabriek of pakhuis verwyder of van die hand gesit word, moet doeanereg teen die volle tarief, andersins hefbaar, op die hele besending betaal word.

3. Die aanvraer word daarna geregistreer as 'n vervaardiger onder korting en toegelaat om gemoute gars te ontvang kragtens hierdie regulasies en onderworpe aan die herroeping van die vergunning, te eniger tyd, deur die Minister, en sodanige gemoute gars moet vervoer word na en bewaar word uitsluitlik in die gebou genoem in regulasie *een*, wat ook geregistreer moet word.

4. Die vervaardiger of sy inklaringsagent spesiaal gemagtig deur 'n volmag om namens hom op te tree, moet by eerste invoer op die inklaringsvorm verklaar dat sodanige gemoute gars uitsluitlik vir die doel genoem gebruik sal word en moet die doeanebeampte in die hawe van invoer voorsien van 'n addisionele kopie van sodanige inklaringsvorm.

5. Genoemde gemoute gars kan vir 'n geregistreerde vervaardiger vry van gewone belasting uit 'n entrepôt gelos word, mits buite en behalwe die doeaneaangifte van inklaring uit entrepôt, by oordrag 'n verklaring in die vorm hieronder aangeheg in duplo aan die bevoegde doeanebeampte verskaf word. Die naam en adres van die vervaardiger en die nywerheid waarvoor die goedere bestem is moet in die inklaringsvorm vermeld word.

6. 'n Geregistreerde vervaardiger kan, mits hy tevore vergunning van die bevoegde doeanebeampte verkry, aan 'n ander geregistreerde vervaardiger, gemoute gars ingevoer onder hierdie Proklamasie, oordra, mits 'n verklaring by die oordrag in die vorm hieronder aangeheg in duplo aan genoemde beampte verskaf word.

7. Die verklaring by die oordrag vermeld in regulasies *vyf* en *ses* moet aangevul word met 'n ontvangsbewys van die vervaardiger aan wie die gemoute gars oorgedra is, en indien by versuim om sodanige ontvangsbewys binne *veertien dae* aan die bevoegde doeanebeampte terug te stuur, bly die persoon wat die gemoute gars oordra aanspreeklik vir die doeanereg anders hefbaar, en moet dit onmiddellik by aanvraag betaal.

8. Die vervaardiger moet 'n voorraadboek hou in die vorm deur die Kommissaris van Doeane goedgekeur, waarin hy volledig besonderhede van alle ontvangste en verkope aantoon, en op sodanige wyse dat van die gemoute gars, geboek vir industriële doeleindes, geredelik rekenskap kan gegee word ten genoeë van die doeanebeampte.

9. Die vervaardiger moet, indien die daartoe bevoegde doeanebeampte dit verlang, vir sodanige gemoute gars 'n pakhuis voorsien, wat behoorlik gesluit kan word, en op eie koste sodanige grendels aanbring dat die pakhuis met 'n doeaneslot gesluit kan word.

10. Die boeke en die gebou van die vervaardiger moet te eniger tyd gedurende werkure ter insae wees van 'n behoorlikgemagtigde doeanebeampte; en indien dit nodig geag word om te eniger tyd 'n doeanebeampte vir toesig in die gebou te laat bly vir 'n bepaalde tyd, moet die gewone loon vir ekstra diens van so'n amptenaar deur die vervaardiger betaal word.

Iedereen wat die bepalings van hierdie Proklamasie oortree of versuim om na te kom, kan kragtens artikel *honderd-en-sestien* van die Wet op die Beheer van Doeane, 1913, gestraf word met 'n boete van hoogstens *drie honderd pond* en verbeurdverklaring van goedere.

Doeane.....

DOEANE—UNIE VAN SUID-AFRIKA.

VERKLARING BY DIE OORDRAG VAN KORTING/VOORRADE ONDER WAARBORG AAN 'N VERVAARDIGER ONDER KORTING.

Aan die Ontvanger van Doeane,

.....

Ek/Ons verklaar hierby dat die ondervermelde goedere ingeklaar volgens die inklaringsbrief No..... van..... onder korting uit entrepôt oorgedra is aan..... .....

Adres.....
Handtekening van invoerder.....
Datum.....

Received in full the above-described goods, which I/we hereby declare are to be used solely in the manufacture of .....

Signature of manufacturer.....
Address.....
Date.....

NOTE.—Should these goods or any portion thereof be sold or otherwise disposed of so as to come into the possession of any parties not entitled to import free of duty, full duty will be levied on the whole consignment.

This form to be completed in duplicate and returned to the Collector of Customs within fourteen days from the date of the transfer.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-ninth day of September One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

✱ No. 197, 1934.]

REMISSION OF QUITRENT.—MENTAL PATIENTS.

Whereas it is expedient to make provision for the remission of quitrent due by registered holders of allotments in the Transkeian Territories who have been committed to and detained in an institution or place for the treatment of mentally disordered or defective persons.

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authorities vested in me by law, I do hereby proclaim, declare and make known that, from and after the date of promulgation hereof, the provisions of section *two* of Proclamation No. 237 of 1904 (Cape) shall, *mutatis mutandis*, apply wherever the registered holder of an allotment has, under the provisions of the Mental Disorders Act, No. 38 of 1916, or any amendment thereof, been committed to and detained in an institution or place for the treatment of mentally disordered or defective persons.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria on the Twenty-fourth day of September One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. GROBLER.

✱ No. 198, 1934.]

IMPROVEMENT OF STOCK IN NATIVE AREAS.

Whereas it is expedient to make provision for the improvement of livestock in native areas within the Union of South Africa:

And whereas it may be desirable to apply such proclamation to certain native areas in respect only of one or more classes of livestock:

Now, therefore, under and by virtue of the powers and authority vested in me by section *twenty-five* of the Native Administration Act, No. 38 of 1927, I do hereby proclaim, declare and make known that, from and after the date of promulgation hereof, the following provisions shall take effect and have the force of law in each of the locations in the District of Glen Grey enumerated in the Schedule hereto annexed (hereinafter referred to as proclaimed areas) in respect of the particular class or classes of live stock set over against the name of such location in such Schedule and that the Minister may, by notice in the *Gazette* approve of the application of these provisions, in respect of any one or more or all of the classes of livestock referred to in section *one* hereof, to any location (which shall thereupon become a proclaimed location for the purposes of this proclamation) within an area included in the Schedule to the Natives Land Act, No. 27 of 1913, or any amendment thereof, and such provision shall thereupon, in respect of such classes of stock as are mentioned in such notice, take effect and have the force of law in such location from and after a date to be specified in the said notice; provided that the provisions of this proclamation shall not be applied to any location situated within the area of jurisdiction of any district or local council save after consultation with such council, or to any other location save after consultion with the chief or headman thereof, as the case may be, and his council.

Die bogenoemde goedere is deur my/ons ontvang en ek/ons verklaar hierby dat hul uitsluitlik vir gebruik is by die vervaardiging van.....

Handtekening van vervaardiger.....
Adres.....
Datum.....

N.B.—Indien hierdie goedere of enige gedeelte daarvan verkoop of andersins van die hand gesit word en in die besit kom van persone wat nie geregtig is om goedere belastingvry in te voer nie, word die volle doeanereg op die hele besending gehef.

Die vorm moet in duplo ingevul en teruggestuur word aan die Ontvanger van Doeane binne veertien dae van oordrag.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Negen-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.

N. C. HAVENGA.

✱ No. 197, 1934.]

KWYTSKELDING VAN BETALING VAN REKONIE: SWAKSINNIGE PASJENTE.

Nademaal dit dienstig is om voorsiening te maak vir die kwytskelding van betaling van rekonie verskuldig deur geregistreerde houers van persele in die Transkeigebied wat gestuur is na en aangehou word in 'n inrigting of plek vir die behandeling van swaksinnige persone.

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my by wet verleen, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak dat, vanaf die datum van afkondiging hiervan, die bepalings van artikel *twee* van Proklamasie No. 237 van 1904 (Kaap), *mutatis mutandis*, van toepassing is wanneer die geregistreerde houer van 'n perseel, ingevolge die bepalings van die „Wet op Geestesgebreken", No. 38 van 1916, of 'n wysiging daarvan, gestuur is na en aangehou word in 'n inrigting of plek vir die behandeling van swaksinnige persone.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.

P. GROBLER.

✱ No. 198, 1934.]

VERBETERING VAN VEE IN NATURELLEGEBIEDE.

Nademaal dit wenslik is om voorsiening te maak vir die verbetering van lewende hawe in die Naturellegebiede binne die Unie van Suid-Afrika:

En nademaal dit wenslik mag wees om sodanige proklamasie op sekere Naturellegebiede ten opsigte van slegs een of meer klasse van lewende hawe toe te pas:

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Wet, No. 38 van 1927, hierby proklameer, verklaar en bekendmaak, dat met ingang van en na datum van afkondiging hiervan, die volgende bepalings in werking sal tree en krag van wet sal hê in elke lokasie in die distrik Glen Grey in die aangehegte bylae genoem (hierin verder geproklameerde gebiede genoem) ten opsigte van die besondere klas of klasse lewende hawe wat teenoor die naam van so'n lokasie in die bylae aangegee is, en die Minister kan, deur kennisgewing in die *Staatskoerant*, sy goedkeuring heg aan die toepassing van hierdie bepalings, ten opsigte van een of meer of al die klasse lewende hawe in artikel *een* hiervan vermeld, op enige lokasie (wat dan 'n geproklameerde lokasie word vir doeleindes van hierdie proklamasie) binne 'n gebied ingesluit in die bylae van die „Naturellen Grond Wet", No. 27 van 1913, of enige wysiging daarvan, en sodanige bepaling tree dan in werking en het krag van wet in sodanige lokasie ten opsigte van sulke klasse vee, in sodanige kennisgewing vermeld, met ingang van en na 'n datum in genoemde kennisgewing vermeld; met dien verstande dat die bepalinge van hierdie proklamasie nie van toepassing is op 'n lokasie geleë binne die regsgebied van 'n distriks- of plaaslike raad nie, behalwe na raadpleging van sodanige raad; of op enige ander lokasie; behalwe na raadpleging van die kaptein of hoofman daarvan, na gelang van die geval, en sy raad:

1. In this proclamation, unless inconsistent with the context—

"agricultural supervisor" means an agricultural supervisor of the Department of Native Affairs;

"live stock" means—

(*a*) cattle, which includes bulls, cows, oxen, heifers and calves;
(*b*) goats, which includes he-goats, she-goats, kapaters and kids;
(*c*) horses, which includes stallions, mares, geldings, fillies and foals;
(*d*) sheep, which includes rams, ewes, hamels and lambs;

"Minister" means the Minister of Native Affairs or any other Minister of State acting in his stead;

"owner" means—

(*a*) any person who is the sole or part owner of any live stock, or
(*b*) if the sole or part owner has not for the time being the control of such live stock, the person who has such control.

2. (1) During the period from February to July in each and every year, on dates and at centres to be locally arranged, all live stock which in a proclaimed location is subject to the provisions of this proclamation shall be inspected by an agricultural supervisor or his authorized deputy, who shall cull therefrom such animals as are in his opinion so aged or of such inferior quality as not to justify their continued retention for breeding purposes.

(2) In so far as this proclamation has been made applicable in any location to any particular class of livestock all—

(*a*) bulls above the apparent age of twelve months;

(*b*) goat and sheep rams above the apparent age of six months;

(*c*) goats and sheep irrespective of age, sex or quality, of a breed deemed undesirable by the agricultural supervisor or his authorized deputy; and

(*d*) stallions above the apparent age of two years,

save such as, in the opinion of the agricultural supervisor or his authorized deputy, are essential for the time being for breeding purposes or are of sufficiently high grade to be retained for live stock improvement purposes, shall be included among the animals culled in accordance with the provisions of sub-section (1); provided that the agricultural supervisor or his authorized deputy may exclude from the animals culled any bull, ram or stallion, the owner of which forthwith emasculates or causes to be emasculated such animal.

(3) Any live stock which has been culled as in this section provided shall be branded by the agricultural supervisor or his authorized deputy with a distinctive cull mark to be approved by the Minister and shall be disposed of by the owner, whether by slaughter or by sale outside a proclaimed location not later than six months after it has been branded.

3. (1) Any live stock branded in accordance with the provisions of sub-section (3) of section *two* remaining in any proclaimed location for more than six months after it has been so branded may be impounded by any native resident in such proclaimed location, by an agricultural supervisor or any person to whom the duty of impounding such live stock has been specially assigned by the Native Commissioner of the district.

(2) Notwithstanding anything to the contrary in the Pound Laws applicable to stock impounded in any proclaimed location, all livestock, branded in accordance with the provisions of sub-section (3) of section *two*, which has been impounded under the provisions of this proclamation in such proclaimed location shall be sold.

(3) The proceeds of the sale of any livestock so branded shall, after deduction of all costs incurred in connection with the impounding thereof, be paid to the former owner of such livestock.

(4) No person shall retain within, except as in sub-section (3) of section *two* provided, or introduce into any proclaimed location live stock in respect of which such location has been proclaimed and which has been branded in accordance with the provisions of this proclamation.

4. Proclamation No. 142 of 1931 is hereby repealed.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Pretoria this Twenty-fourth day of September One thousand Nine hundred and Thirty-four.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. GROBLER.

1. Tensy dit met die sinsverband in stryd is, beteken in hierdie proklamasie—

„landbou-opsigter" 'n landbou-opsigter van die Departement van Naturellesake;

„lewende hawe"—

(*a*) beeste, met inbegrip van bulle, koeie, osse, verse en kalwers;
(*b*) bokke, met inbegrip van bokramme, bokooie, kapaters en boklammers;
(*c*) perde, met inbegrip van hingste, merries, euns, merrie- en hingsvullens;
(*d*) skape, met inbegrip van skaapramme, skaapooie, hamels en skaaplammers;

„Minister" die Minister van Naturellesake of enige ander Minister van die Unie wat namens hom optree;

„eienaar"—

(*a*) iedereen wat die enige of gedeeltelike eienaar is van lewende hawe, of
(*b*) indien die enige of gedeeltelike eienaar nie die beheer oor sodanige lewende hawe het nie, dan die persoon wat sodanige beheer het.

2. (1) Alle lewende hawe wat in 'n geproklameerde lokasie onderworpe is aan die bepalings van hierdie proklamasie moet, vanaf Februarie tot Julie in elke jaar, op datums en plekke wat plaaslik gereël moet word, deur 'n landbou-opsigter of sy gemagtigde plaasvervanger, geïnspekteer word, en hy moet diere wat volgens sy mening so oud of van so 'n minderwaardige gehalte is dat die aanhou daarvan vir aanteeldoeleindes nie geregverdig is nie, uitgooi.

(2) Vir sover hierdie proklamasie in 'n lokasie van toepassing gemaak is op enige besondere klas van lewende hawe moet alle—

(*a*) bulle wat blykbaar ouer as twaalf maande is;

(*b*) bok- en skaapramme wat blykbaar ouer as ses maande is;

(*c*) bokke en skape, afgesien van hulle ouderdom, geslag of gehalte, van 'n ras wat deur die landbou-opsigter of sy gemagtigde plaasvervanger as ongewens beskou word; en

(*d*) hingste wat blykbaar ouer as twee jaar is,

behalwe die wat, volgens die mening van die landbou-opsigter of sy gemagtigde plaasvervanger, dan noodsaaklik is vir aanteeldoeleindes of van 'n voldoende hoë gehalte is om vir die verbetering van lewende hawe aangehou te word, ingesluit word onder diere wat ooreenkomstig die bepaling van subartikel (1) uitgegooi moet word; met dien verstande dat die landbou-opsigter of sy gemagtigde plaasvervanger, enige bul, ram of hings wat die eienaar onmiddellik kastreer of laat kastreer, van die uitgegooide diere kan uitsluit.

(3) Lewende hawe wat ooreenkomstig hierdie artikel uitgegooi is, moet deur die landbou-opsigter of sy gemagtigde plaasvervanger gebrandmerk word met 'n merk wat deur die Minister goedgekeur moet word en waardeur aangedui word dat hulle uitgegooi is en moet dan deur die eienaar buite 'n geproklameerde lokasie weggemaak word, hetsy deur hulle te slag binne ses maande nadat hulle gebrandmerk is, of hulle te verkoop.

3. (1) Lewende hawe wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *twee* gebrandmerk is en in 'n geproklameerde lokasie vir langer as ses maande, nadat hulle aldus gebrandmerk is, bly, kan geskut word deur enige naturel woonagtig in so 'n geproklameerde lokasie, deur 'n landbou-opsigter of enige persoon aan wie die plig om sodanige lewende hawe te skut spesiaal deur die Naturellekommissaris van die distrik opgedra is.

(2) Nieteenstaande anders luidende bepalings in die skutwette wat van toepassing is op vee wat in 'n geproklameerde lokasie geskut word, moet alle lewende hawe wat ooreenkomstig die bepalings van subartikel (3) van artikel *twee* gebrandmerk is, en kragtens die bepalings van hierdie proklamasie in sodanige geproklameerde lokasie geskut is, verkoop word.

(3) Die opbrings van die verkoping van alle lewende hawe wat aldus gebrandmerk is, moet, na aftrek van alle koste in verband met die skut daarvan, aan die vorige eienaar van sodanige lewende hawe oorbetaal word.

(4) Behalwe soos in subartikel (3) van artikel *twee* bepaal, mag niemand in 'n geproklameerde lokasie lewende hawe ten opsigte waarvan sodanige lokasie geproklameer is en wat ooreenkomstig die bepalings van hierdie proklamasie gebrandmerk is, aanhou of invoer nie.

4. Proklamasie No. 142 van 1931 word hierby herroep.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Vier-en-twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Vier-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-Rade.

P. GROBLER.

SCHEDULE.

	Location.	*Class of Stock.*
No. 1	Bengu	Cattle, goats, horses and sheep.
No. 2	Lady Frere	Do.
No. 3	Macubeni	Do.
No. 4	Mkapusi	Do.
No. 5	Buffeldoorns	Do.
No. 6	Zwartwater	Do.
No. 7	Vaalbank	Do.
No. 8	Zinqutu	Do.
No. 9	Qoqodala	Do.
No. 10	Agnes	Do.
No. 11	Nonesi	Do.
No. 12	Macibini	Do.
No. 13	Kundulu	Do.
No. 14	Bolotwa	Do.
No. 15	Mbinzana	Do.
No. 16	Lanti	Do.
No. 17	Cacadu	Do.
No. 18	Rodana	Do.
No. 19	Mount Arthur	Do.
Mhlanga		Do.
Upper Ndonga		Do.

BYLAE.

	Lokasie.	*Klas van Vee.*
No. 1	Bengu	Beeste, bokke, perde en skape.
No. 2	Lady Frere	do.
No. 3	Macubeni	do.
No. 4	Mkapusi	do.
No. 5	Buffeldoorns	do.
No. 6	Zwartwater	do.
No. 7	Vaalbank	do.
No. 8	Zinqutu	do.
No. 9	Qoqodala	do.
No. 10	Agnes	do.
No. 11	Nonesi	do.
No. 12	Macibini	do.
No. 13	Kundulu	do.
No. 14	Bolotwa	do.
No. 15	Mbinzana	do.
No. 16	Lanti	do.
No. 17	Cacadu	do.
No. 18	Rodana	do.
No. 19	Mt. Arthur	do.
Mhlanga		do.
Upper Ndonga		do.

GOVERNMENT NOTICES

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER AND OF EXTERNAL AFFAIRS.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1450.] [12th October, 1934.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased to approve that the Departments, hitherto known as the "Department of Agriculture" and the "Forest Department", have been established as a State Department to be known as the "Department of Agriculture and Forestry", with effect from 1st October, 1934.

✱ No. 1460.] [12th October, 1934.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Dr. Karol Poznanski as Consul-General of Poland, to reside in London, for the Union of South Africa and South West Africa.

✱ No. 1466.] [12th October, 1934.

His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the grant of provisional recognition to Mr. Lampton Berry as Vice-Consul of the United States of America at Durban.

DEPARTMENT OF JUSTICE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1442.] [12th October, 1934.

AMENDMENT TO PRISON REGULATION No. 185.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, by virtue of the powers in him vested by section *eighty-eight* of the Prisons and Reformatories Act, No. 13 of 1911, to approve of the following amendment to Prison Regulation No. 185:—

(*a*) By the substitution of the following sub-paragraph for sub-paragraph (i) of paragraph (*d*) thereof:—

"(i) An injury arising out of or incidental to his duty, whilst actually on duty, which in the opinion of the Director is not due to his own neglect or carelessness, or an injury, illness or disease, directly attributable to exposure or infection in the course of the performance of duty against which exposure or infection precaution could not reasonably have been taken or any subsequent incapacitation which in the opinion of the Medical Officer or the Secretary for Public Health for the Union, is due to the same injury, illness or disease; or", and

(*b*) by the addition of the following sub-paragraph at the end of paragraph (*e*) thereof:—

"(iv) An officer injured whilst participating in any authorized sport, recreational training, display or competition, will be regarded as having been injured whilst in the performance of duty."

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER EN VAN BUITELANDSE SAKE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1450.] [12 Oktober 1934.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-Rade behaag het om goed te keur dat die Departemente, totnogtoe bekend as die „Departement van Landbou" en die „Bosboudepartement", met ingang van 1 Oktober 1934, as 'n Staatsdepartement daargestel word met die benaming „Departement van Landbou en Bosbou"

✱ No. 1460.] [12 Oktober 1934.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die voorlopige erkenning van dr. Karol Poznanski as Konsul-generaal van Pole, in Londen, vir die Unie van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika.

✱ No. 1466.] [12 Oktober 1934.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om sy goedkeuring te heg aan die voorlopige erkenning van mnr. Lampton Berry as Vise-Konsul van die Verenigde State van Amerika in Durban.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1442.] [12 Oktober 1934.

WYSIGING VAN GEVANGENISREGULASIE No. 185.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt-en-tagtig* van die „Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten", No. 13 van 1911, die volgende wysiging van Gevangenisregulasie No. 185 goed te keur:—

(*a*) Deur subparagraaf (i) van paragraaf (*d*) daarvan deur die volgende subparagraaf te vervang:—

„(i) 'n Verwonding opgedoen of ontstaande uit of in verband met sy diens terwyl hy werklik op diens is, en wat volgens die mening van die Direkteur nie aan sy eie nalatigheid of agtelosigheid toe te skrywe is nie, of 'n verwonding, krankheid of siekte wat direk toegeskryf kan word aan blootstelling of besmetting in die uitoefening van sy pligte en voorsorgsmaatreëls teen blootstelling of besmetting nie redelikerwys geneem kon word nie, of enige latere ongeskiktheid wat volgens die mening van die geneeskundige beampte of die Sekretaris van Volksgesondheid vir die Unie toe te skrywe is aan dieselfde verwonding of siekte; of", en

(*b*) deur invoeging van die volgende subparagraaf na paragraaf (*e*) daarvan:—

„(iv) Dit word beskou dat 'n beampte, wat 'n verwonding opdoen terwyl hy deelneem aan 'n erkende sport, ontspanningsoefening, vertoning of kompetisie, die verwonding opgedoen het in die uitoefening van sy pligte."

POLICE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1452.] [12th October, 1934.

AMENDMENTS OF REGULATIONS FOR THE SOUTH AFRICAN POLICE.

His Excellency the Governor-General-in-Council has been pleased, under the provisions of section *ten* of the Police Act, No. 14 of 1912, to approve of the following amendments to the Regulations for the South African Police, published under Government Notice No. 790 of 1932, as amended by Government Notices Nos. 972 of 1932, 240 of 1933, 1394 of 1933, 302 of 1934, 518 of 1934 and 836 of 1934:—

APPENDIX "B": SCALES OF PAY: EUROPEAN ESTABLISHMENT.

(*a*) COMMISSIONED OFFICERS.

Column three "In operation from 1st August, 1923":

Opposite the rank of "Inspectors" delete the figures "£500" and "£600" where they appear, and substitute therefor the figures "£550" and "£650" respectively.

Opposite the rank of "Sub-Inspectors" delete the figures "£420", "£20" and "£480" where they appear, and substitute the figures "£475", "£25" and "£550" respectively.

This amendment will have effect as from the 1st April, 1935.

Regulation No. 28 (2) is hereby amended by the deletion of the figures "£3. 3s." in the third line thereof and the substitution therefor of the figures "£5. 5s.".

This amendment will have effect as from the 1st October, 1934.

DEPARTMENT OF FINANCE.

The following Government Notices are published for general information:—

✱ No. 1437.] [12th October, 1934.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the 4½ % Local Registered Stock, 1953, will be closed from the 24th October to the 15th November, 1934, both days inclusive, and that the dividend due on the 15th November will be paid to the stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books.

✱ No. 1453.] [12th October, 1934.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of sections *one* and *one hundred and nineteen* of the Customs Management Act, No. 9 of 1913, of the appointment of Jean Albert Cordouan, Deputy-Commissioner, as Acting Commissioner of Customs and Excise during the absence on duty as a member of the Customs Tariff Commission of John Donald Heddon, Commissioner of Customs and Excise, with effect from the 24th September, 1934.

✱ No. 1454.] [12th October, 1934.

It is hereby notified for general information that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve, in terms of sub-sections (2) and (3) of section *thirteen* of the Land Bank Act, 1912 (Act No. 18 of 1912), of the reappointment of the persons detailed in the attached schedule as members of the respective Local Boards of the Land and Agricultural Bank of South Africa, and to indicate as Chairman of each Board the person respectively shown as such, with effect from the 1st October, 1934.

SCHEDULE.

A. *Local Board for the Cape Province (Cape Western Area) at Capetown.*
   (1) John Frederick Joubert, Claremont, Capetown (Chairman).
   (2) William Archibald Brown Rowan, Somerset West.
B. *Local Board for the Cape Province (Cape Eastern Area) at Cradock.*
   (1) Izak Benjamin van Heerden, Cradock (Chairman).
   (2) Antonie Michael Rademeyer, Humansdorp.
   (3) David Hercules Botha, Dordrecht.
C. *Local Board for the Cape Province (Cape North Western Area) at Vryburg.*
   (1) Jozua Johannes van Tonder, Vryburg (Chairman).
   (2) Johan Evert Bernard Combrink, Kuruman.
D. *Local Board for the Orange Free State area at Bloemfontein.*
   (1) Jacobus Gustav van Aardt, Wepener (Chairman).
   (2) Philippus Wilhelmus Gerhardus Snyman, Fauresmith.
   (3) Johannes Marthinus Krog, Memel.
E. *Local Board for the Natal Area at Pietermaritzburg.*
   (1) David Craig Dick, Pietermaritzburg (Chairman).
   (2) William Ernest St. Clair Moor, Estcourt.
   (3) Adriaan Izak Johannes Nel, Greytown.

POLISIE.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1452.] [12 Oktober 1934.

WYSIGINGS VAN DIE REGULASIES VIR DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade behaag om, ooreenkomstig die bepalings van artikel *tien* van die „Politiewet", No. 14 van 1912, onderstaande wysigings van die Regulasies vir die Suid-Afrikaanse Polisie, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 790 van 1932, soos gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. 972 van 1932, 240 van 1933, 1394 van 1933, 302 van 1934, 518 van 1934 en 836 van 1934, goed te keur:—

AANHANGSEL „B": SALARISSKALE: BLANKES.

(*a*) OFFISIERE.

Kolom drie „In werking vanaf 1 Augustus 1923":

Haal teenoor die rang van „Inspekteurs" die bedrae „£500" en „£600" deur en vervang hulle respektiewelik deur „£550" en „£650".

Haal teenoor die rang van „Onderinspekteurs" die bedrae „£420", „£20" en „£480" deur en vervang hulle respektiewelik deur „£475", „£25" en „£550".

Hierdie wysiging word vanaf 1 April 1935 van krag.

Regulasie No. 28 (2) word hierby gewysig deur die bedrag „£3. 3s." in die derde reël deur te haal en dit deur „£5. 5s." te vervang.

Hierdie wysiging word vanaf 1 Oktober 1934 van krag.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

✱ No. 1437.] [12 Oktober 1934.

Hierby word bekendgemaak dat die Oordragsboeke van die 4½ % Plaaslike Geregistreerde Effekte, 1953, gesluit sal wees vanaf 24 Oktober tot en met 15 November 1934, en dat die diwidend betaalbaar op 15 November aanstaande aan die effektehouers wat op die datum van sluiting van die Oordragsboeke geregistreer is, betaal sal word.

✱ No. 1453.] [12 Oktober 1934.

Hierby word vir algemene informasie bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens die bepalings van artikels *een* en *honderd-en-negentien* van die Wet op die Beheer van Doeane, No. 9 van 1913, die aanstelling van Jean Albert Cordouan, Onderkommissaris, as waarnemende Kommissaris van Doeane en Aksyns, goed te keur gedurende die afwesigheid op diens as lid van die Doeane Tarief Kommissie van John Donald Heddon, Kommissaris van Doeane en Aksyns, met ingang van 24 September 1934.

✱ No. 1454.] [12 Oktober 1934.

Vir algemene informasie word hierby bekendgemaak dat Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal goedgevind het om, ooreenkomstig subartikels (2) en (3) van artikel *dertien* van die Landbankwet, 1912 (Wet No. 18 van 1912), die heraanstelling van die persone in die aangehegte skedule genoem as lede van die respektiewe Plaaslike Rade van die Land- en Landboubank van Suid-Afrika goed te keur, en as Voorsitter van elke Raad die persoon respektieflik as sodanig genoem, te benoem, met ingang van 1 Oktober 1934.

SKEDULE.

A. *Plaaslike Raad vir die Kaapprovinsie (Westelike Kaapgebied) te Kaapstad.*
   (1) John Frederick Joubert, Claremont, Kaapstad (Voorsitter).
   (2) William Archibald Brown Rowan, Somerset-Wes.
B. *Plaaslike Raad vir die Kaapprovinsie (Oostelike Kaapgebied) te Cradock.*
   (1) Izak Benjamin van Heerden, Cradock (Voorsitter).
   (2) Antonie Michael Rademeyer, Humansdorp.
   (3) David Hercules Botha, Dordrecht.
C. *Plaaslike Raad vir die Kaapprovinsie (Noordwestelike Kaapgebied) te Vryburg.*
   (1) Jozua Johannes van Tonder, Vryburg (Voorsitter).
   (2) Johan Evert Bernard Combrink, Kuruman.
D. *Plaaslike Raad vir die Oranje-Vrystaatgebied te Bloemfontein.*
   (1) Jacobus Gustav van Aardt, Wepener (Voorsitter).
   (2) Philippus Wilhelmus Gerhardus Snyman, Fauresmith.
   (3) Johannes Marthinus Krog, Memel.
E. *Plaaslike Raad vir die Natalgebied te Pietermaritzburg.*
   (1) David Craig Dick, Pietermaritzburg (Voorsitter).
   (2) William Ernest St. Clair Moor, Estcourt.
   (3) Adriaan Izak Johannes Nel, Greytown.

✱ No. 1456.] SOUTH AFRICAN RESERVE BANK. [12th October, 1934.

Statement, pursuant to Section *twenty-five* (1) of Act No. 31 of 1920, and Section *thirteen* of Act No. 22 of 1923, of Liabilities and Assets on the 5th day of October, 1934.

Liabilities.	£	s.	d.
Capital	1,000,000	0	0
Reserve	880,572	9	4
Notes in Circulation	12,169,793	0	0
Deposits :—			
(*a*) Government	1,314,350	17	0
(*b*) Bankers	21,452,574	11	10
(*c*) Other	2,674,078	12	6
Bills Payable	—		
Other Liabilities	869,544	18	8
	£40,360,914	9	4

Assets.	£	s.	d.
Gold Coin and Bullion (of which £5,492,513. 11s. 5d. held outside the Union)	19,414,797	11	11
Subsidiary Coin	225,439	9	1
Bills discounted :—			
(*a*) Domestic	147,864	6	5
(*b*) Foreign	10,196,164	12	5
(*c*) Union Government Treasury Bills	—		
Loans and Advances to the Government	1,100,000	0	0
Other Loans and Advances	18,000	0	0
Investments	1,724,842	19	11
Other Assets	7,533,805	9	7
	£40,360,914	9	4

Ratio of cash reserves to liabilities to public, 51·7 per cent.
Dated this 10th day of October, 1934.

L. J. COCKHEAD, Deputy Chief Cashier.

✱ No. 1456.] SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK. [5 Oktober 1934.

Staat, ingevolge Artikel *vyf-en-twintig* (1) van Wet No. 31 van 1920 en Artikel *dertien* van Wet No. 22 van 1923, van die Bate en Laste op die 5de dag van Oktober 1934.

Laste (Passiva).	£	s.	d.
Kapitaal	1,000,000	0	0
Reserwe	880,572	9	4
Banknote in omloop	12,169,793	0	0
Deposito's van :—			
(*a*) Regering	1,314,350	17	0
(*b*) Bankiers	21,452,574	11	10
(*c*) Ander	2,674,078	12	6
Te Betale Wissels	—		
Ander Verpligtings	869,544	18	8
	£40,360,914	9	4

Bate (Activa).	£	s.	d.
Gemunte en Ongemunte Goud (waarvan £5,492,513. 11s. 5d. buite die Unie gehou)	19,414,797	11	11
Pasmunt	225,439	9	1
Verdiskonteerde Wissels :—			
(*a*) Binnelandse	147,864	6	5
(*b*) Buitelandse	10,196,164	12	5
(*c*) Skatkispromesses van die Unie-regering	—		
Lenings en Voorskotte aan die Regering	1,100,000	0	0
Ander Lenings en Voorskotte	18,000	0	0
Beleggings	1,724,842	19	11
Ander Bate	7,533,805	9	7
	£40,360,914	9	4

Verhouding van spesie-reserwes tot verpligtings teenoor die publiek, 51·7 persent.
Geteken die 10de dag van Oktober 1934.

L. J. COCKHEAD, Onder-hoofkassier.

CUSTOMS AND EXCISE.

The following Government Notices are published for general information :—

✱ No. 1443.] [12th October, 1934.

REVOCATION OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas application has been made for the revocation of the appointment of the bonded warehouse situate off Orange Grove Road, West Bank, East London, in the Province Cape of Good Hope, appointed by Government Notice No. 306 of 20th February, 1931, for the free warehousing under bond of aviation spirits and petroleum products in the name of Messrs. The Shell Company of South Africa, Limited;

Notice is hereby given that, under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act (Act No. 9), 1913, the Commissioner of Customs has revoked the appointment of the above-mentioned warehouse.

✱ No. 1444.] [12th October, 1934.

AMENDMENT OF APPOINTMENT OF A BONDED WAREHOUSE.

Whereas by Government Notice No. 1543 of 25th November, 1932, permission was granted to Messrs. African Russian Oil Products (Pty.), Ltd., Durban, in the Province of Natal, for use of certain premises situate on Lot No. 73, Island View, Bluff, Durban, comprising three rooms constructed of brick under iron roof, the area of each room being 1,407 square feet, 1,072 square feet and 536 square feet, respectively, for the securing and warehousing under bond of petroleum oils in containers and general merchandise, imported without payment of duty on the first entry thereof;

Notice is hereby given that under the provisions of section *fifty-two* of the Customs Management Act (Act No. 9), 1913, the Commissioner of Customs has approved of the amendment of the bond area to 1,335 square feet, 530 square feet and 1,140 square feet, respectively, for use as a bonded warehouse.

DOEANE EN AKSYNS.

Onderstaande Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer :—

✱ No. 1443.] [12 Oktober 1934.

HERROEPING VAN DIE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

Nademaal aansoek gedoen is om die herroeping van die aanwysing van die doeanepakhuis, geleë dig by Orange Groveweg, West Bank, Oos-Londen, in die Provinsie Kaap de Goede Hoop, aangewys ingevolge Goewermentskennisgewing No. 306 van 20 Februarie 1931, vir die opberging van lugvaartspiritus en petroleum produkte onder waarborg op naam van die firma The Shell Company of South Africa, Limited;

So word hierby bekendgemaak, dat kragtens die bepalings van artikel *twee-en-vyftig* van die „ Wet op het Beheer van de Doeane, 1913 " (Wet No. 9 van 1913), die Kommissaris van Doeane die aanwysing van bogenoemde pakhuis herroep het.

✱ No. 1444.] [12 Oktober 1934.

GEWYSIGDE AANWYSING VAN 'N DOEANEPAKHUIS.

